

Die lewe wat Christus met ons deel en saam met ons leef, is ons lig in die wêreld

ds. PJ Kriel

Kersdag

25.12.2017

Inhoud Hierdie preek wys dat volgens die getuienis van Johannes lewe lig gee. Lewe gee betekenis en doel, nie andersom nie. Daarom is Christus ons lig. Hy gee vir ons lewe. Hy skep ons lewe as mens en Hy sluit ons in om met Hom die lewe te deel wat Hy as mens in ons plek is, deur sy geboorte op Kersdag. Só laat Hy ons met Hom as God saam leef in sy skepping. Die lewe wat die Here met ons deel gee ons weer 'n duidelike roeping, taak en diens in sy skepping. Sy lewe as Here met ons in sy skepping laat ons weer ons plek in die skepping vind. Lewe gee lig. In afgodsdienste wil mense hul self tempels vir God maak. Hulle wil aan hul afgod hul lewe gee sodat hierdie afgod sy doel, taak en plek in die lewe van mense sal vind. Christus se koms breek hierdie tempels af. Mense gee nie aan Jesus sy doel, taak en plek in hul lewe nie. Hy gee mense hul doel, taak en plek in die skepping.

Skriflesing Joh. 1: 1- 14;

Teks Joh. 1:4 In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.

Tema Die lewe wat Christus met ons deel en saam met ons leef, is ons lig in die wêreld

1. Die kinders wat vandag hier by ons Kersdies is! Ons kan die hele preek opsom met een vraag: leef ons in die lig van die son wat die Here gemaak het of leef die Here in die lig van die gloeilampe wat ons maak? In hierdie vraag is die hele boodskap van vandag opgesom!

Johannes se Kersaankondiging is 1 vers 14: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.” Christus is God, en is ook in 'n stal in Bethlehem as baba gebore, om vandag mens in die hemel te wees.

Die betekenis van Christus se geboorte word in vers 4 só gestel: “Die lewe wat Christus met ons deel en saam met ons leef, is ons lig in die wêreld.”

Lewe gee lig! Om lewe te deel en saam te lewe, is lig! Lewe gee aan alles duidelike betekenis en 'n herkenbare doel.

2. Hoe Christus vir ons lig is, wys Johannes in sy evangelie met twee van die Here se optredes, 1. die wonder van wyn by die bruilof in Kana, en 2. die afbreek van die tempel.

Johannes vat een van die heel laaste openbare optredes van die Here, sy simboliese afbreek van die tempel, en vertel dit heel aan die begin van sy getuienis oor Christus. Daardeur verbind hy die geboorte van Christus met die betekenis van sy hele lewe. Daarom moet ons die volgende twee verse ook direk na mekaar lees:

Die lewe wat Christus met ons deel en saam met ons leef, is ons lig in die wêreld

1:4: Die lewe wat Christus met ons deel en saam met ons leef, is ons lig in die wêreld, en

2: 19 en 21: “Jesus sê: “Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek hom oprig! ... Met tempel het die Here sy liggaam bedoel.

Kersfees en Paasfees behoort direk saam met mekaar in die Johannes evangelie.

3. Dit is hierdie lewe van Christus waarby ons vandag ingesluit is van vandag saam met Hom deel.

Hy deel met ons die lewe waar Hy afgebreek is deur sy lyding, kruisiging en sterwe, en wat Hy weer opgerig het uit die dood om mens vandag in die hemel te wees. Hy sluit ons in hierdie lewe in, om deel te wees van alles wat Hy vir ons plek as sondaar was. Daarom word Hy, die Woord, mens, bedoelende 'n sondige mens in ons plek.

Hierdie lewe waarby die Here ons insluit maak dat ons in die liefde wat tussen God die Vader en God die Seun is, laat leef. Dit is hoe die apostel dit in sy brief 1 Johannes hoofstuk 1 beskryf. Die inleiding van sy evangelie en die inleiding van sy brief in inhoudelik feitlik identies.

Hierin stel hy eers kort en saaklik: “Hy is die Woord, die Lewe.” 1 vers 1 en dan “En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. 1 vers 3.

Ons gemeenskap is dat die Here ons insluit in wie Hy as mens is, Woord wat mens geword het, sodat ons saam met Christus in sy liefde kan leef, binne in sy skepping. Binne die skepping wat deur Hom, die Woord tot stand gekom het. Ons lewe met Hom in sy liefde vir ons, is die Ewige lewe wat Hy ons met Hom laat leef.

4. Christus se lewe vernietig die tempel. Christus se geboorte, sy lyding, kruisiging en sterwe vernietig die tempel van die Jode. Dit is die simboliese betekenis van Jesus se optrede in die tempel met die Paasfees. Wanneer Jesus die offerdiere uit die tempel weg jaag, en die verkoop van offers onmoontlik maak deur die geldwisselaars se tafels om te keer en hulle uit te dryf, dan wys die Here dat Hy hierdie tempeldiens beëindig. Hy stop die hele tempelbedryf om nie weer te mag aangaan nie.

Die lewe van Christus en met Christus breek alle menslike tempels af!

Hoekom?

Want die tempel was die plek wat die Jode vir die Christus gereed gehou het vir wanneer Hy sou kom. Dit sou die Christus se leefplek gewees het. Dit sou die plek

Die lewe wat Christus met ons deel en saam met ons leef, is ons lig in die wêreld

gewees het waar hulle Hom as 'n koning sou laat leef het. Dit was die plek gewees het waar hulle as Jode saam met die Christus sou geleef het.

5. Daarom moet ons die betekenis van hoofstuk 1 vers 11 “Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie!” raaksien.

Hoekom het sy eie mense Hom nie aangeneem nie? Want Hy het die tempel wat hulle vir Hom gereed gehou het om saam met hulle as hul koning te kom leef, afgebreek!

Dit is die werklike botsing wat tussen Christus en die Jode plaasvind!

- Hulle maak vir Hom sy plek gereed waar Hy saam met hulle moet kom leef;
- Hulle is gereed om vir Hom sy lewe as koning saam met hulle te gee;
- Hulle wag sodat Hy sy lewe saam met hulle, wat reg leef en gereed vir Hom leef, saam met hulle kan kom leef, wat beteken dat hulle wag om Hom hulle eiendom te maak, sodat Hy en sy lewe aan hulle kan behoort!

Hulle doen alles wat verkeerd is, want Hy het na sý eiendom toe gekom. Hy het gekom om aan hulle 'n lewe saam met Hom te gee. Hy het gekom om vir hulle 'n plek in sý lewe te gee.

Dit is die ontdekking wat die Jode moes maak: hulle moes ontdek ons behoort aan Christus as Here en God, ons is sý eiendom. Hulle moes breek met die goddeloosheid in hulle dat die Christus aan hulle behoort en dat die Christus hulle eiendom moet wees.

6. Wie is wie se lig?

Is die lewe wat Christus ons by insluit en wat Hy saam met ons leef, ons lig in God se skepping, of is ons lewe waarby ons God insluit om saam met ons te leef, die lig vir God hoe om Here in ons lewe te wees?

Lewe gee lig! Lewe gee betekenis! Lewe gee doel en rigting! Christus het gekom sodat die lewe wat Hy met ons deel ons lig sal wees vir die lewe met Hom as ons Skepper in sy skepping.

Dit is wie Jesus as Here is en wie Hy ons gemaak het om te wees. Hy was in die begin met die skepping daar. Hy was by God en self God. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Ons is as mense geskep deur Christus as Here om saam met Hom as God mens in sy skepping met Hom te wees.

Die lewe wat Christus met ons deel en saam met ons leef, is ons lig in die wêreld

Die lewe waarby die Here Jesus Christus ons insluit is ons lig. Dit laat ons ons plek, ons taak, ons roeping, ons bestemming en ons diens in hierdie skepping helder raaksien.

7. Dit is hoe Christus ons lewe verlig.

Hy laat ons vandag deel wees van die lewe wat Hy as mens in die hemel leef om deel te wees van alles wat Hy as mens vir ons in ons plek was. Hy was ons sonde en die straf, die oordeel die vloek en die verwerping van ons sonde in ons plek. Hy laat ons deel in sy liefde as God om saam met Hom as Skepper in sy skepping te leef. Só laat Hy ons weer in hierdie lewe met hom ons taak, plek en roeping in sy skepping saam met Hom vind.

Lewe gee lig! Christus se lewe wat Hy as mens met ons deel en as God met ons leef, gee ons lig in sy skepping.

Is die Here ons son of ons die Here se gloeilampe? Dit is die vraag waarvoor hierdie Kersdag ons stel! Wie is wie se lig? Is die Here ons lig of is ons vir die Here sy lig?

8. Die Here se afbreek van die tempel in Jerusalem wys wat mense se natuurlike neiging is om met God te wil doen. Mense wil vir God tempels bou waar hulle as mense hulle lewe vir God gee sodat God hulle lewe saam met hulle moet kom leef.

Wat dink u doen mense met God wanneer hulle die volgende geestelike daade doen en verklaar:

- Ons maak ons hart en lewe vir God gereed om in te kom; Ons gee ons harte en lewens sodat God in ons harte en lewens inkom!
- Ons gee ons lewe vir God sodat God met ons kan leef!
- Ons lewe wat ons vir God gee, maak God koning en Here van ons lewens!

Wanneer jy jou lewe vir God gee en God innooi om jou lewe met jou te kom deel, wie gee en wie deel? Dit is mos jy wat gee! Jy gee vir God om jou te kom deel!

9. Wie is dan wie se lig?

Lewe gee lig. Die een wat lewe gee, gee lig! Wanneer jy vir Jesus jou lewe gee en Hy jou lewe met jou moet kom deel, en saam met jou moet kom leef, dan is jy mos die lig die Here. Want lewe gee lig!

Die lewe wat Christus met ons deel en saam met ons leef, is ons lig in die wêreld

Wanneer jy jou lewe vir God gee om jou lewe met jou te kom deel, dan word jy vir God die gloeilamp wat vir Hom die lig gee om koning binne jou lewe en hart te wees. In jou lewe moet God sy doel en betekenis as God kom vind.

Dit is wat werklik in hierdie menslike geestelikhede vandag besig is om te gebeur. Hulle gee vir God lewe en so moet God God kom wees in die lig van die koningskap wat mense vir God gee; mense gee vir God sy troon, hulle harte en dan moet God in die lig van hierdie mag wat mense Hom gee, sy plek en taak in hulle lewe vind. Hy moet Here van hulle lewe en in hulle lewe word. Mense deel hulle lewe met God en so moet God dan sy roeping en diens as God binne die lewe van mense vind.

Mense gee vir God hul lewe en word so God se lig om koning en Here te wees. Dit is hoe mense afgode maak: hulle gee aan hul afgode lewe en lig! Mense voel hulle het die mag om vir God die gloeilamp te wees om, binne hul lewe, in hulle lig, koning te wees op die troon van hulle hart.

Hoekom het die wêreld wat deur Christus self geskep is, die wêreld wat deur Hom tot stand gekom het, Hom nie as hul Skepper erken nie? Hoekom het hulle wat sy eiendom is, die Jode, Hom nie aanvaar as Here nie?

Want hulle was elkeen op sy eie manier besig om vir God 'n tempel te bou waarin hulle hul lewe vir God gee sodat God in die lig van hul lewe God kan wees. Hulle wou nie Hom erken as hulle eienaar nie, want elkeen was besig om God hulle eiendom te laat wees.

10. Is Christus ons son of is ons Christus se gloeilamp!

Wat is die verskil?

Die verskil gaan oor God wat lig maak teenoor mense wat lig maak. Dit gaan oor God wat mense lig gee hoe om mens in sy skepping te wees teenoor mense wat glo hulle is God se tempel en moet aan God in hul tempel lig gee hoe om God in hul lewe te wees.

Breek hierdie tempel af en in drie dae bou Ek hom weer op! Ek wat God is, die Woord en mens onder julle geword het! God breek die tempels wat mense vir Hom bou af met sy lyding en opstanding as mens in hul plek. Ons gee nie vir God lewe nie. Hy gee vir ons lewe en deel met ons sy lewe.

Die betekenis van Johannes 1 vers 12 moet vir ons op Kersdag oopbreek!

“Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”

Die lewe wat Christus met ons deel en saam met ons leef, is ons lig in die wêreld

Moet ons vandag op hierdie dag Christus

- ons eiendom maak,
- ons besitting maak,
sodat Hy vandag aan ons kan behoort?

Dan moet ons vandag ons lewe vir God gee! Dit is hoe Kersfees deur geestelikes verkondig en gevier word. Hierdie is die dag waarop jy jou lewe vir God moet gee, jy jou hart vir God moet gee, jy God in jou lewe moet toelaat sodat God in jou lewe kan inkom, net soos Hy in daardie stal in Bethlehem gekom het!

So maak hulle Kersfees die fees waarin mense vir God hul lewe gee om te deel sodat God die lig kan kry hoe om God in die wêreld te word.

Is dit die wyse waarop jy Jesus aanneem of is dit die wyse waarop jy Hom nie erken en aanneem nie?

Dit is die totale teenstrydigheid van hierdie valse Kersboodskap: wie gee vir wie lewe? Wie deel met wie lewe? Wie geen vir wie die geskenk van lewe? Wanneer jy God jou eiendom maak, dan is jy die een wat vir God lewe en lig gee.

Maar dit is juis die manier waarop Christus nie erken word deur die wêreld nie en nie aanvaar word deur sy eiendom nie!

Die wyse waarop ons die Here aanneem is om te glo dat Hy God is wat ons die gawe van lewe gee, dat Hy die Here is wat mens geword het om ons in te sluit en te laat deel in die lewe wat Hy vandag as mens leef, sodat ons met Hom as God binne sy skepping kan leef.

Wie so in die Here glo, vir Hom is God die lig! Hy word die Here wat met ons leef sodat ons in ons lewe met Hom weer die lig vind hoe om mens met God in sy skepping te wees.

Laat hierdie Kersdag die dag wees waarop ons die Here erken en aanvaar! Hy sluit ons by sy lewe as mens in sodat ons met Hom as God vir ewig kan leef. Laat hierdie Kersdag vir ons die fees van lig word: ons leef in die lig van die lewe wat die Here met ons deel en met ons saamleef.

Kom breek met die afgodsdienste om vir die Here 'n tempel te wil wees waarin Hy ons lewe met ons moet kom deel sodat ons die lig vir sy koningskap kan word!

Hoe kan ons ooit glo dat 'n gloeilamp vir die son moet lig maak? Christus gee ons lig deur ons in sy lewe in te sluit. Ons kan nie vir God lig gee en wees deur God in ons lewe in te sluit nie.

Die lewe wat Christus met ons deel en saam met ons leef, is ons lig in die wêreld

Kom ons vier Kersfees as die fees van die lewe wat die ons by insluit om vir ons die lig te wees. Sy lewe is ons lig!